DIE NUWE HERVORMING EN SPIRITUALITEIT

(Referaat gelewer by Teologiese Dag, opening van Fakulteit, Pretoria. 3 Feb. 2003)

Julian Müller

Spiritualiteit sou beskryf kon word as die resultaat van die ontmoeting (*overlapping*) van twee wêreldbeelde.

‘n Wêreldbeeld word sosiaal-konstruksionisties gevorm. In ‘n bepaalde groep of gemeenskap ontwikkel ‘n gedeelde verhaal/konstruk oor hoe die wêreld lyk en hoe dit funksioneer. ‘n Wêreldbeeld is ‘n sisteem van waardes, gebruike, gelowe, gewoontes, uitdrukkings, verklarings, ensovoorts. Om so ‘n wêreldbeeld te konstrueer, gebruik ons taal. Met ons woorde en uitdrukkings konstrueer ons ‘n beeld of konsep van hoe dinge lyk en aanmekaarsteek. Mens sou ook daaraan kon dink as ‘n kultuur van verhale, of ‘n “storying culture”.

In ‘n bepaalde kultuurgroep soos die Afrikaner, ontwikkel daar ‘n algemeen geldende wêreldbeeld – ‘n manier waarop die wêreld beskou word wat bewustelik en meestal onderbewustelik deur die groep onderskryf word.

Binne een so ‘n groep wat een algemene wêreldbeeld (met kleiner variasies) deel, ontwikkel daar tog ook verskillende subgroepe of subkulture. Sulke subkulture ontwikkel o.a. ook rondom gedeelde geloofskonstrukte en godsdienstige gebruike. Dit behels ‘n eie wêreldbeeld waarin mense geloofs- of godsdienstige taal gebruik om hulle wêreld te konstrueer. Op die ontmoetingsvlak tussen die algemene wêreldbeeld en die godsdienstige ontwikkel ‘n spiritualiteit. ‘n Eie sisteem van godsdienstige sieninge en handelinge wat probeer rekening hou met beide wêreldbeelde en aan albei probeer getrou bly.

As die algemene of materiële wêreldbeeld baie verskillend is van die godsdienstige wêreldbeeld, bring die ontmoeting (*overlapping*) uiteraard heelwat ongemak en spanning mee. Dit is die geval in die ontwikkelde en ontwikkelende gemeenskappe van die vroeg 21ste eeu.

Die ontwikkeling van ‘n wetenskaplike wêreldbeeld gedurende die afgelope eeue het ‘n toenemende spanning veroorsaak as gevolg van die groter wordende verskille met die mense se godsdienstige wêreldbeeld.

‘n Goeie voorbeeld is die spanninge rondom skeppingsteorieë. Die besluite van die onlangse Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor evolusie en die in- of uitsluiting in die skoolkurrikulum (Beeld, 14 Januarie 2003) illustreer die spanning. Aan die een kant is daar die taal van wetenskaplike kennis wat vanuit die biologie, die argeologie, die plant- en dierkunde en die geologie ‘n wêreldbeeld opbou waarvan ‘n evolusionistiese skeppingsverhaal deel is. Aan die ander kant ‘n godsdienstige wêreldbeeld was vashou aan ‘n skeppingsidee wat van 6 skeppingsdae uitgaan.

Op die ontmoetingsplek van sulke uiteenlopende wêreldbeelde ontstaan ‘n spiritualiteit. Vroeër het so ‘n spiritualiteit (sisteem van godsdienstige waardes en handelinge) ongesteurd ontwikkel, want die taal wat in beide die wêreldbeelde gebruik is om dit te konstrueer, was dieselfde. Die voorwetenskaplike wêreldbeeld het doodeenvoudige presies ooreengekom en saamgeval met die godsdienstige wêreldbeeld. Dieselfde taal kon gemaklik in die werkswinkel, op die veld, in die huis, in die skool en in die kerk gebruik word. Dit was eintlik maar een wêreldbeeld. Onder sulke omstandighede ontwikkel ‘n uitgebreide sisteem van geloof en geloofshandelinge wat deur almal onderskryf word en wat uitdrukking gee aan die netjies-sluitende wêreldbeeld.

In ‘n situasie van botsende wêreldbeelde is daar verskillende moontlikhede vir die ontwikkeling van ‘n spiritualiteite:

- **Ateïsme**, waar die godsdienstige wêreldbeeld met die wetenskaplike onderdruk word.
- **Agnostisisme en skeptisisme** wat dieselfde is as die vorige, maar waar die onderdrukking van die godsdienstige wêreldbeeld een graad swakker is.

- **Fundamentalisme** waarvolgens die wetenskaplike wêreldbeeld onder druk en onder verdenking geplaas word.
- Die **Teologiese Wêreldbeeld** soos o.a ook in die gereformeerde spiritualiteit na vore gekom het. Dit behels enersyds ‘n erkenning dat die “hoër werklikheid” nie geken kan word deur menselike sintuie nie, en andersyds is dit ‘n poging om daardie werklikheid eenkant te hou vir godsdiens en teologie. Die geestelike werklikheid word immuun verklaar teenoor die eise en teeneise van die wetenskap.

Die spiritualiteit wat uit die Teologiese Wêreldbeeld ontwikkel het, word gekenmerk deur dualisme. Dit is ‘n poging om uiteenlopende wêreldbeelde te huisves en ontwikkel in ‘n skisofreniese spiritualiteit. Dit is enersyds heel intellektueel en rasioneel (teologies), maar vereis op ‘n sekere punt van die gelowige ‘n *sacrificium intellectus.* Daarom dat daar binne dié spiritualiteit ook ‘n konsep soos ‘n “tweede naïwiteit” ontwikkel, wat eintlik maar net neerkom op ‘n gesofistikeerde vorm van *sacrificium intellectus.* Meer gesofistikeerd as die “eerste naïwiteit” wat weer te min rekening hou met die intellek..

Die Nuwe Hervorming, soos ek dit sien, is deel van die groot nuwe golf wat mens sou kon beskryf as ‘n postmoderne wêreldbeskouing. Hierdie wêreldbeskouing is soos die moderne wêreldbeskouing, rasioneel en intellektueel in sy oriëntasie. Dit het dus dieselfde krities-reflekterende benadering tot die werklikheid. Dit verskil egter van die moderne wêreldbeskouing daarin dat dit sterk elemente van dekonstruksie bevat. Die onderdrukking binne magsverhoudinge, ook binne godsdienstige sisteme (spiritualiteite) word bevraagteken en gedekonstrueer. Die gevolg is ‘n baie meer openlike, openhartige en ontstellend eerlike bevraagtekening. Die gemaklike saamleef met dualismes soos in die spiritualiteit van die Teologiese Wêreldbeeld word bevraagteken en verwerp. Waar die idee van ‘n “tweede naïwiteit” ‘n soort antwoord gebied het binne ‘n modernistiese denkraamwerk met die skeiding van die Teologiese Wêreldbeeld, word daar nou met groter dringendheid gesoek na ‘n holistiese spiritualiteit.

Binne Afrikaner geledere kry die behoefte aan die ontwikkeling van ‘n nuwe spiritualiteit ‘n eie dinamika. Die oorheersende spiritualiteit was gekonstrueer met en gemaklik met polities-ideologiese taal. Nou beleef ons ‘n totale ontnugtering met en verwerping van daardie ideologies-gekleurde spiritualiteit en ‘n gevolglike honger en soeke na nuwe taal vir ‘n nuwe spiritualiteit.

As illustrasie van wat ek sê, haal ek gedeeltes van ‘n brief, wat ek ontvang het na aanleiding van een van my Godsdiensaktueel-artikels in Beeld, aan. Dit geskied met die persoon se toestemming:

Geagte Prof Müller
Ek is 'n dertigjarige oud Tukkie (Pol Wet en Sosiologie)met 'n effense krisis. By voorbaat vra ek verskoning vir die opneem van u tyd, maar ek vra u geduld, aangesien ek nie rerig weet wie anders om te nader nie.
As student in die geesteswetenskappe het my gedagtes taamlik verbreed, terwyl my ouers my aangemoedig het vrae te vra oor enigiets.
In die afgelope dekade of so het ek al hoe meer begin voel dat die werklikheid soos ek dit verstaan nie heeltemal by my kerklewe inpas nie. Nie 'n groot probleem vir die meerdrheid van die dekade nie, maar dinge is besig om tot 'n punt te kom.
My probleem is dit: Ek is deeglik uitgekuier met my "volk" en my kerk. Ek is my lewe lank al in dieselfde gemeente. Ons predikant raak al hoe meer radikaal oor die huidige teologiese debatte rakende bybel uitleg, en hy kry met elke diens 'n hou in na verskeie teologiese kenners. Ek vee my af daaraan, maar die mense waarmee ek in gemeenskap is by die kerk dink dis als lieflik en almal is uit om ons te kry en ons is "under siege". Ek het nie erg aan charismatiese kerke nie, maar ook al hoe minder erg aan die motions waardeur ek elke Sondag by die kerk gaan. Die preke is soms uitstekend, maar altyd met 'n goeie dosis lager mentaliteit. Die liedjies het niks uit te waai met my musiek voorliefdes nie. Selfde goed, selfde mense, selfde niks doen nie vir dertig jaar.
Gisteraand was die kersie op die koek. By 'n "manne" aand is ons vergas deur 'n baie hoog aangeskrewe spreker, Dr X. Vir twee ure moes ek sit en luister hoe God die Afrikaners gaan versoen as 'n Christen volk wat teen die euwels van die wereld gaan opstaan. Praat van wolf skaapwagter maak...Met bietjie meer ondervinding van Afrikaner regerings as meeste van my naastes sou ek nie die Afrikaner se lof besing nie.
Verder was dit die ou storie van dat die werld nie veel ouers as 'n paar duisend jaar is nie, Kader Asmal wat ons kinders probeer breinspoel, die World Trade Centre, Biologie 101 ensovoorts. Ek het verskriklik alleen gevoel, aangesien almal kop geknik het en na die tyd vertel het hoe wonderlik dit was. Eensaam in my eie kerk?
Ek raak hartseer as ek dink daaroor en ek weet nie waar die emosie vandaan kom nie. Elke Sondag is vir my 'n frustrasie en kerk toe gaan is nie iets waarna ek uitsien nie. My Afrikanerskap is vir my 'n vernedering, my Christenskap is vir my 'n probleem en ek is so kwaad vir "kenners" soos Dr X oor wat hulle doen aan mense se lewens. Hierdie oordrewe nasionalisme en hiper behoudendheid sit mense op die defensief en voer die slagoffer mentaliteit. Hulle dring aan op bewyse oor teologiese sienings, maar vergeet liefs van wetenskaplike bewyse.

Hoekom skryf ek aan u?
Ek wil weet of daar iewers Christene is wat soos ek dink en voel?
Wat is die uiteinde as ek nie kerk en my Cristenskap met mekaar kan vereenselwig nie?
Hoe red ek my Christenskap?????
Ek lei af uit u artikels dat u dalk 'n dieper insig hieroor het, iets wat ek dringend nodig het.

Ek wil ook nader kom aan Christus, maar ek is nie meer seker wie hy is nie en ek het nie erg aan sy kerk nie. Hoe gemaak, hoe gemaak?
Baie dankie vir u tyd.

Dit is binne hierdie vakuum dat die NH tot stand gekom het en vra na ‘n nuwe spiritualiteit waarin vanselfsprekende dinge in die bestaande spiritualiteit bevraagteken word. Dinge soos die vasstelling van die kanon, die goddelike natuur van Jesus, die bestaan van die duiwel, die onwetenskaplike aansprake oor wonders en natuurverskynsels, ensovoorts.

Dit lyk asof die NH die twyfelvrae van denkende mense ernstig wil opneem. My indruk is dat dit nie ‘n poging is om mense se geloof te ondergrawe nie, maar wel ‘n poging om spiritualiteite wat inherent teenstrydig en oneerlik is, te dekonstrueer.

Die gevestigde kerke sal sekerlik met aspekte van die nuwe spiritualiteit kan foutvind en moet dit inderdaad ook krities bekyk. Die noodroep van ‘n groeiende groep gelowiges om groter eerlikheid oor die problematiek van botsende wêreldbeelde, sal egter ernstig geneem moet word. Die Kerk en die NH behoort mekaar nie te beveg nie, maar saam te soek na nuwe uitingsvorme van ‘n spiritualiteit wat pas in die postmoderne tyd.